Tjokkie WEEKBLAD

UNIVERSITAS
NET MY BESTE

29 Augustus 2025 Uitgawe: 6/3/2025

# UIT DIE KANTOOR

As mens in die Vrystaat bly, is daar min dinge wat jou meer opgewonde maak as wanneer die winter verby is. Die weer bly egter onvoorspelbaar, dus moet ons maar nie die warm baadjies te ver bêre nie. Maar die lente het vir nou aangebreek en mens kan dit duidelik aan die bloeisels sien. Dit gee mens sommer hoop.

Ons het amptelik die aanbreek van Lente vandag gevier. Baie dankie aan die leerderraad en hul ouers wat die terrein vir ons mooi versier het om ons in die gees van lente te bring. Dit het pragtig gelyk. Baie dankie ook vir die heerlike bederf van die personeel.

**Hokkie:**
Die hokkieseisoen staan einde se kant toe met slegs nog 'n paar ligawedstryde wat gespeel gaan word. Ek wil van hierdie geleentheid gebruik maak om elke ouer te bedank vir hul getroue ondersteuning langs die hokkievelde en die rondry van hul kinders om hul by al die verskillende velde te kry.

**Tjokkie-onnie Melodrama:**
Graag herinner ek elke ouer en leerder aan hierdie lekker geleentheid wat vanaf 30 September tot 2 Oktober plaasvind. Die onderwysers is reeds kliphard aan die oefen vir hul konsert. Kom ondersteun asb. die personeel en kom kyk hoe hulle uit hul kassies klim. Sien inligting rakende kaartjieverkope en tye onder **MELODRAMA 2025**.

**SIMPOSIUM**
Ek en mnr. Hennie Botha gaan van 1-3 September die SAOU se Nasionale Kongres vir Skoolhoofde en Adjunkhoofde in Port Elizabeth bywoon. Indien u enige navrae of inligting benodig, kan u gerus vir mnr. Nicolaas Slabbert, die Departementshoof, kontak.

# ANDER

**Somersdrag**

Ouers moet kennis neem dat ons weer vanaf Maandag, 1 September terugkeer na die dra van somersdrag.


Let egter daarop dat indien daar 'n skielike verandering in die weer plaasvind, die leerders die keuse het om steeds hul wintersdrag te dra vir die tydperk.

# BELANGRIKE DATUMS

| | |
|---|---|
| 29 Aug.: | o/12 & o/13 Fast 5 netbaltoernooi te Fichies |
| | Gr. 4/5 Wow Spelfees (PBS) |
| 29-31 Aug.: | Voortrekkers: Gr. 7 PD-Voorslag kamp (Doornkloof) |
| 30 Aug.: | Pom-pom en Ritmegroep optrede (Univ.-Wes NG Gemeente se lentemark) |
| 1 Sept. | Tennisliga vs WP (dogters) |
| 2 Sept.: | Gr.1-3 Spelkompetisie |
| 3 Sept.: | GSF Musiekaand |
| 4 Sept.: | SPF Musiekaand |
| | Hokkieliga vs Eunice (d) |

# VERJAARSDAE

30 Aug.: Mnr. Nicolaas Slabbert (Gr. 7)



# MELODRAMA

### NOSTALGIE, TJOKKIES MELODRAMA

Die personeel is hard aan die oefen om jul as ouers en kinders te vermaak. Ons gaan ‘n produksie van Nostalgie op die planke bring.

Die kaartjieverkope werk as volg:

- Kaartjies gaan aanlyn verkoop word en u koop en bespreek vir u en u kind daar ‘n plek.
- Die kaartjieverkope open **DV op DINSDAG, 2 September**. Die skakel sal op die “community group” geplaas word.
- Kies ‘n aand. **DINSDAG, 30 SEPTEMBER** of **WOENSDAG, 1 OKTOBER.** Hierdie aande kos R100 per persoon. Die melodrama begin om 18.30.

***DONDERDAG, 2 OKTOBER om 18.30 NOSTALGIE SKOUSPEL***

- Besprekings open op **DINSDAG, 2 SEPTEMBER 2025 om 07h00** in die voorportaal van die skool.
- Koste: R2000 per tafel.
- U moet na die skool kom om die R2000 te betaal om sodoende u tafel te verseker. **Slegs kaartbetalings.**
- Geen tafel kan uitgehou word nie. “First come, first serve.” Daar is slegs 20 tafels beskikbaar. ‘n Tafel word as ‘n geheel verkoop.
- ‘n Ligte aandete word aan elke persoon verskaf. U bring u eie drinkgoed en versnaperinge.

**Baie dankie dat u saam met ons herinneringe gaan maak! Ons wil u graag daar sien!**



ROMEINE 10:13-15 AFR53
[13] Want: Elkeen wat die Naam van die Here aanroep, sal gered word. [14] Hoe kan hulle Hom dan aanroep in wie hulle nie geglo het nie? En hoe kan hulle in Hom glo van wie hulle nie gehoor het nie? En hoe kan hulle hoor sonder een wat preek? [15] En hoe kan hulle preek as hulle nie gestuur word nie? Soos geskrywe is: Hoe lieflik is die voete van die wat die evangelie van vrede verkondig, van die wat die evangelie van die goeie verkondig!

Twee groepe mense staan uit vir my in die teks; dié wat GEROEP word, en dié wat GESTUUR word.

Watter groep is jy?

Miskien is jy iemand wat VANDAG geroep word deur God om in 'n hegte verhouding met Hom te leef. 'n Regte, egte, hegte verhouding! Een waarin jy jou volle vertroue in Hom sit; jouself losmaak van wat agter is, en jou ywer om die hemelse prys te behaal waartoe God jou geroep het...
Vandag is die dag! Roep na God, Hy wil jou red!


Of miskien is jy iemand wat deur God GESTUUR word…
Ja jy!
Almal wat in Christus is, word gestuur om Christus te deel...

2 KORINTIËRS 5:18 NLV
[18] Hierdie hele nuwe werklikheid kom van God af, wat ons deur Christus met Homself versoen en aan ons die bediening van die versoening gegee het.

So, trek jou wit tekkies aan en leef jou bediening van geloof uit tussen familie, vriende, werkskollegas...en ja, selfs jou vyande!

ROMEINE 10:17 AFR53
[17] Die geloof is dus uit die gehoor, en die gehoor is deur die woord van God.

(Herhaal)




Kaartjieverkope open op Karri op 15 Augustus en sluit weer op 29 Augustus.

# SNUFFELS


BLOEMFONTEIN
MOTORS
Proud Sponsor of : Tjokkies School
150 Oliver Tambo Road, Oranjesig, Bloemfontein
www.bloemfonteinmotors.co.za | 051 4477 042


Invest in your
HEALTH
It is indeed your greatest
WEALTH
INDEPENDENT MANNATECH
ASSOCIATE
Renata Joubert
072 658 7087
renataej01@gmail.com
Scan QR code to shop
MANNATECH


SEKONDÊRE MEISIESKOOL ORANJE
Straatmyl
1907
04 SEPTEMBER
2025
WEDLOOP 1
0/11 EN 0/13 | 16:30
WEDLOOP 2
0/15 (GR8 EN 9) | 16:45
WEDLOOP 3
0/17 EN 0/19 (GR10-12| 17:00
WEDLOOP 4
SENIORS (STUDENTE TOT 39 JAAR) | 17:15
WEDLOOP 5
VETERANE EN MEESTERS | 17:30
ASTRO-PAWILJOEN
INSKRYWINGS VANAF 15:30
R5 VIR SKOLIERE
R10 ALLE NASKOOLSE ATLETE
Yello
COFFEE
Quest
GYM • PADEL • LIFESTYLE
GELUKS- EN WENPRYSE NA
AFLOOP VAN ELKE WEDLOOP



Kia Seltos
Own your journey.
SELTOS GP
Movement that inspires
From
R 369 995
Inc. VAT Ts & Cs apply. E & OE
OR
10% Deposit 0% Balloon from
R 4 399pm
On a step payment plan